NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK in die O. V. S.

RAPPORT VAN DIE SAAKGELASTIGDE AAN DIE ALGEMENE SENDING KOMMISSIE.

BLOEMFONTEIN,
30 Julie 1923.

KONFIDENSIEEL!

AAN DIE WEL EERW.
VOORSITTER EN LEDE VAN DIE
ALGEMENE SENDING KOMMISSIE,
BLOEMFONTEIN.

WelEerw. Here,

Na aanleiding van my algemeen rapport aan u, moet ek nog die volgende aan u rapporteer:

1. Die boeke van die vorige Boekhouers het ek nagesien, en ek kan geen bewys vind dat die boeke ooit behoorlik gebalanseer of afgesluit was nie. Die tyd het my ontbreek, en ek twyfel of dit nou moontlik is om die Grootboek te balanseer.

2. Een en ander rekening het ek spesiale aandag aan verleen, b.v. die sogenaamde "Home Committee a/c"

In die Kasboek staan die £800- in kwessie op 2 Maart 1921 ingeskryf - die bladsy nommer (22) van die Grootboek word aangegee, en die Ouditeur (Menr. W.B. du Toit) het dit afgemerk asof die bedrag in die Grootboek gepos is, dog dit kom nie daarin voor nie.

Onder die hoof "Home Committee a/c" in begin 1921 ontbreek die £800- op die Krediet kant, en op die debit kan is 'n fout van £500- begaan in die optel. Onder sulke omstandighede was dit my onmoontlik om selfs te probeer da rdie Boek te balanseer.

3. Dit skyn ook of in da rdie tyd - vóór die oorname deur die teenwoordige Boekhouer - daar heelwat ongeregeldheid plaasgevind het wat die handel met die Kaapse Sending te Mkhoma betref. Die teenwoordige Boekhouer het oneindige moeite gehad om die rekeninge in orde te kry, en uiteindelik moes hy eenvoudig met Mkhoma 'n ooreenkoms tref, tot nadeel van die Vrystaatse Sending.

4. Verder blyk uit die boeke dat Dr. Krige 'n seker som van sy salaris terugbetaal het, en na r verstaan word is dit deel van 'n bedrag wat hy aan die Sending fondse moet terugbetaal, dog dit kom nie voor in die boeke hoeveel hy nog moet betaal nie.

Is dit nie wenselik om die bedrag vas te stel en aantekening daarvan te maak nie?

Hoogagtend,

U Eerw. diensw.,

J.L. VAN HEERDEN,

Saakgelastigde.